Posbus 72353 Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 809 0029

E-pos: skoolgeld@tygies.co.za
www.tygies.co.za

Laerskool Tygerpoort

Trots Tygerpoort

19 November 2025

Beste Ouer

**SKOOLGELD BETALINGSWYSE VIR 2026**

Graag wil ons u aandag vestig op die volgende dringende inligting aangaande die skoolgeld vir 2026, soos bepaal tydens 'n Ouervergadering wat ingevolge Artikel 38(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 op 18 November 2025 gehou is.

1. Laerskool Tygerpoort is 'n skoolgeld betalende skool, wat teweegbring dat skoolgeld maandeliks gehef sal word en deur **beide ouers vooruitbetaalbaar** is (volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996).
2. Skoolgeld is betaalbaar vanaf **Januarie tot November 2026**, in 11 gelyke paaiemente, maandeliks **teen die 7de van elke maand**.
3. 'n **Bevestigingsfooi van R2 000** per kind (graad RR tot -7) is betaalbaar **teen einde Desember 2025**. Die **bevestigingsfooi** is **NIE** 'n addisionele fooi nie; dit word van die **totale jaarlikse skoolgeld** afgetrek en die balans word in 11 paaiemente (Januarie tot November) verdeel.

| SKOOLGELD 2026 | Graad RR en -R | Graad 1-7 |
|---|---|---|
| **Bevestigingsfooi** | **R2 000** (betaalbaar voor of op 31 Des. 2025) | **R2 000** (betaalbaar voor of op 31 Des. 2025) |
| **Maandelikse fooi**<br>(sonder bevestigingsfooi) | **11 x R3 095 p.m. = R34 045** | **11 x R2 925 p.m. = R32 175** |
| **Totaal per jaar** | **R36 045** (bevestigingsfooi ingesluit) | **R34 175** (bevestigingsfooi ingesluit) |
| **10% Afslag: @ 31 Des. 2025 opbetaal** | R36 045 – R3 605 korting = **R32 440** | R34 175 – R3 420 korting = **R30 755** |
| **7.5% Afslag: @ 28 Feb. 2026 opbetaal** | R36 045 – R2 705 korting = **R33 340** | R34 175 – R2 565 korting = **R31 610** |

| NASKOOLGELD 2026 | Graad RR en -R | Graad 1-7 |
|---|---|---|
| **Registrasiefooi** (nie terugbetaalbaar nie) | **R400** | **R400** |
| **Maandelikse fooi**<br>(ongeag aantal dae bywoning) | **11 x R1 385 p.m. = R15 235** | **11 x R1 600 p.m. = R17 600** |
| **Totaal per jaar** | **R15 235 + R400 = R15 635** | **R17 600 + R400 = R18 000** |
| **10% Afslag: @ 31 Des. 2025 opbetaal** | R15 235 – R1 525 korting + R400 = **R14 110** | R17 600 – R1 760 korting + R400 = **R16 240** |
| **7.5% Afslag: @ 28 Feb. 2026 opbetaal** | R15 235 – R1 145 korting + R400 = **R14 490** | R17 600 – R1 320 korting + R400 = **R16 680** |
| **Dagbesoeker** (middagete ingesluit) | R165 p.d. | R165 p.d. |
| **Vakansieprogram** (dagbesoeker-inskrywings en nie-naskoolleerders) | R165 p.d. | R165 p.d. |
| **Vakansieprogram**<br>(ingeskrewe voltydse naskoolleerders) | Gratis | Gratis |

| ANDER 2026 | Graad RR en -R | Graad 1 |
|---|---|---|
| **Pakketfooi** (vir die hele jaar) | **R1 200** | - |
| **Tygieland-tas**<br>(beskikbaar by klerewinkel) | **R288** | - |

4. Die aangehegte vorm (**vraelys**) aangaande die betalingswyse moet asseblief volledig en korrek voltooi word. Stuur **voor/op 21 November 2025** terug skool toe**.**

5. **Nuwe debietorder magtigings** (2026) moet betyds (voor die 10de) vir die volgende maand per e-pos aan debiteure@tygies.co.za gestuur word.

**NEEM KENNIS:**

- **Debietorders** sal geaktiveer word vanaf **3 Januarie 2026**.
- **Debietorders** sal maandeliks (volgens oorspronklike voltooide debietorder magtiging) **herhaal** word, totdat ons skriftelik kennis (debiteure@tygies.co.za) ontvang het om dié debietorder magtiging te kanselleer.
- Indien u debietorder nie Januarie al gemagtig is nie, moet u asseblief **Januarie 2026 se skoolgeld direk** in die skool se bankrekening **inbetaal** of d.m.v. **d6 Connect app**, voor 7 Januarie 2026.

**LET WEL**:
Indien u **skoolgeld** vir **2026** per **debietorder** betaal, is die **bevestigingsfooi** eers in **Januarie 2026** betaalbaar, saam met die eerste paaiement.

6. Ouers wat kwalifiseer vir gedeeltelike, volle of voorwaardelike skoolgeldvrystelling (**graad 1-7**), soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, kan **vanaf 15 Januarie 2026** vorms persoonlik by **mev. Susan van Eeden** kom afhaal vir voltooiing. U moet asb. die register voltooi met ontvangs en inhandiging van die vorms. Ons sal graag die proses wil finaliseer teen **28 Februarie 2026.** U samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word.

7. Aangehegte vraelys word, volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, in duplikaat benodig (**slegs gr. 1 tot 7-leerders**). Een afskrif is die ouer s'n en die tweede afskrif moet terug skool toe gestuur word.

8. Volgens Artikel 40 van die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 word **BEIDE ouers** (wetlik) verplig om skoolgeld te betaal – dit is dus 'n **statutêre uitgawe**. Die skool mag regstappe neem ter invordering van uitstaande/agterstallige skoolgeld.

   Indien 'n rekening nie maandeliks betaal kan word nie, moet 'n **skriftelike reëling** met **mev. Susan van Eeden** by die **finansiële afdeling** (debiteure@tygies.co.za) getref word. Dit is **u plig** om die **skool te nader** om die nodige reëlings te tref en die skool se databasis te laat aanpas **soos u inligting verander**.

9. Die **Debiteure invorderingsproses vir 2026** ter inligting:

9.1 Rekeninge word maandeliks rondom die 25ste per e-pos aan u gestuur. Indien u nie 'n e-posadres op ons stelsel laat registreer het nie, moet u asb. met die finansiële kantoor reël om die staat per hand te kom afhaal.

9.2 Indien u rekening nie betaal is teen die 7$^{e}$ van die maand nie, begin die invorderingsproses.

9.3 Indien u rekening 30 dae agterstallig is, sal u deur mev. Susan van Eeden gekontak word.

9.4 Indien u rekening 60 dae agterstallig is, sal u 'n aanmaning ontvang. Indien u nie hierop reageer deur 'n betaling te maak of 'n skriftelike reëling te tref nie, sal u die gevaar loop van regsaksie wat negatiewe notering (swartlys) insluit.

9.5 In beide gevalle word daar 'n SMS aan u gestuur om u in te lig van die situasie en die brief wat volg.

9.6 Indien u nie u reëlings nakom nie, of geensins reageer op die aanmaningsbrief binne die genoemde tyd nie, sal ons sonder verdere kennisgewing voortgaan met die nodige regsaksie wat oorhandiging aan ons invorderaars of direkte dagvaarding vir die uitstaande geld sal insluit.

10. **Tygieland-skoolgeld (graad RR en -R)**
    Die Skolewet is tans slegs op skoolpligtige leerders van toepassing, m.a.w. **u kan NIE aansoek doen vir vrystelling vir graad RR- en R-leerders NIE**. Bogenoemde proses sal ook gevolg word vir wanbetalers, maar leerders wie se skoolgeld nie betaal is nie, kan hul plek in Tygieland verbeur.

11. **Betalingswyse** (ons poog om 'n kontantvrye omgewing te skep)**:**

11.1 **Debietorders (voorkeur betalingsmetode)**
Die vorm vir debietorder magtiging is op die skool se webtuiste beskikbaar.

11.2 **d6 Connect App**
U kan **skoolgeld** en **projekte** d.m.v. die **d6 Connect App** betaal.

11.3 **EFT**

- Laerskool Tygerpoort
- FNB Takkode 252045
- Tjekrekening 625 404 377 63
- Verwysing (skoolgeld): **Rekeningverwysing** (wat op die rekeningstaat verskyn) + **u Van** (bv. 3456 Nel)

Mnr. N.J. Coetzee
Hoof

Posbus 72353 Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 809 0029

E-pos: debiteure@tygies.co.za
www.tygies.co.za

Laerskool Tygerpoort

DOELGERIG

Trots Tygerpoort

# DEBIETORDER: BETALINGS VIR 2026

Betaling van skoolgeld en naskoolgeld per **DEBIETORDER,** is volgens die skool se finansiële beleid die **VOORKEUR** betalingsmetode**.** Ons vra vriendelik dat hierdie betalingsmetode bo enige ander metode gebruik sal word.

**Voltooi van debietorder magtiging:**

- Sien die kieslys aan die bokant van die debietorder magtiging.
- Maak asb. seker u selekteer **al** die opsie(s) wat van toepassing is op u leerder(s).

Die **bevestigingsfooi** van **R2 000** per kind (graad RR tot -7) is betaalbaar TEEN **31 Desember 2025**.

**LET WEL:**

Indien u **skoolgeld** vir **2026** per **debietorder** betaal, is die **bevestigingsfooi** eers in **Januarie 2026** betaalbaar, saam met die eerste paaiement.

**BESTAANDE DEBIETORDERS:**

- Bestaande debietorders word outomaties weer gelaai vir 2026, totdat ons **skriftelik** kansellasie daarvan ontvang het.
- Indien u ‘n **bestaande debietorder** het en **NIE** sou verkies dat die **bevestigingsfooi** in **Januarie 2026** ook per debietorder moet afgaan nie, stuur ‘n e-pos na mev. Susan van Eeden by debiteure@tygies.co.za.
- **LET WEL:**
  Daar moet vir nuwe leerder(s) van bestaande families ook ‘n nuwe debietorder magtiging voltooi word.

StratCol-gebruikernommer: 7252
StratCol-gebruikernaam: Laerskool Tygerpoort
StratCol-bankstaatverwysing: LSTYGERPRT
(Dit is die naam wat op u bankstaat verskyn)
StratCol-gebruiker fisiese adres: Henrylaan 41, Lynnwood, 0500

LAERSKOOL TYGERPOORT DOELGERIG — TYGIELAND Graad RR & R

**REKENINGVERWYSING** ☐

**NASKOOLGELD** ☐

**NASKOOLREGISTRASIE** ☐

**TYGIELAND-PAKKETFOOI** ☐

**SKOOLGELD** ☐ **BEVESTIGINGSFOOI** ☐

# DEBIETORDER MAGTIGING

## BESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER:

Rekeninghouer (naam en van): ______________________________

Indien 'n besigheid, naam van gemagtigde persoon: ______________________________

ID-no. / Registrasieno.: ______________________ Selfoonno.: ______________________

E-posadres: ______________________ Werktelefoonno.: ______________________

Adres: ______________________________

______________________________ Kode: ___________

Bank: ______________ Rekeningnommer: ______________ Takkode: ____________

Rekeningtipe: ☐ TJEK ☐ SPAAR ☐ TRANSMISSIE ☐ ANDER Besonderhede indien ANDER: ______________

## KOLLEKSIE INSTRUKSIE:

- **Kolleksiedatum** is die **3de** van **elke maand (Januarie tot November)**.
- Ek / Ons, die kliënt of behoorlike gemagtigde verteenwoordiger, gee hiermee goedkeuring aan StratCol om d.m.v. 'n elektroniese debietorder van die bogenoemde rekening te vorder, en om genoemde gelde oor te betaal aan die StratCol gebruiker soos bo genoem.
- (Ek / Ons bevestig dat ek / ons die gemagtigde persone is vir die teken en magtiging van hierdie debietorder, met handtekening magtigings soos by my / ons bank geregistreer.
- Die **aftrekking** word **onbepaald herhaal,** totdat dit **skriftelik** (debiteure@tygies.co.za) deur die **kliënt gekanselleer** word?

HANDTEKENING(E): ______________________ ______________________ DATUM: ______________________

| LEERDER/S: | 1. ______________________ Graad: ___ /___ | 3. ______________________ Graad: ___ /___ |
|---|---|---|
| | 2. ______________________ Graad: ___ /___ | 4. ______________________ Graad: ___ /___ |

**OOREENKOMS:**

- Ek / Ons gee hiermee toestemming aan StratCol om betaling instruksies uit te reik aan my /ons bankier vir die kolleksie teen my /ons bogemelde bankrekening by my / ons bank.
- Ek / Ons erken hiermee dat ek / ons verstaan dat die debietorder, wat ek / ons ingevolge hierdie dokument magtig namens die skool, deur 'n derde party genaamd StratCol geïmplementeer en geprosesseer sal word. Vir daardie doeleindes magtig ek / ons die skool om die inligting vervat, op hierdie dokument met StratCol te deel, om die administrasie en prosessering van die debietorder te kan hanteer en vir geen ander rede nie.
- Die individuele betaling instruksies soos gemagtig, moet uitgereik en afgelewer word volgens die bogenoemde interval en op die datum wanneer die verpligting in terme van die ooreenkoms verskuldig is. Die bedrag van elke individuele instruksie kan nie verskil van dit wat hierin vervat word nie.
- Ek / Ons stem saam dat die eerste betaling opdrag uitgereik sal word en afgelewer soos per kolleksie instruksie.
- As die datum van die betaling instruksie egter op 'n nie – erkende bankdag val (naweek of openbare vakansiedag) stem ek / ons in dat die betaling instruksie teen my / ons rekening op die volgende of die vorige werkdag ingestel kan word.

**MANDAAT:**

- Ek / ons erken dat alle betaling instruksies uitgereik deur die StratCol gebruiker sal hanteer word deur my / ons bogenoemde bank asof die instruksies persoonlik uitgereik is deur my / ons.

**KANSELLASIE:**

- Ek / Ons stem in dat hoewel hierdie gesag en mandaat gekanselleer mag word deur my / ons, sodanige kansellasie nie die ooreenkoms sal kanselleer nie. Ek / Ons verstaan ook dat ek / ons nie bedrae, wat uit my / ons rekening (betaal) onttrek is, in terme van hierdie instruksie mag herroep indien sodanige bedrae wettiglik verskuldig was aan die StratCol gebruiker nie.

**OORDRAG:**

- Ek / ons erken dat hierdie gesag gesedeer kan word aan 'n derde party, indien die ooreenkoms ook gesedeer word.

GETEKEN TE ______________________ OP HIERDIE ____________ DAG VAN ______________________ 20_____.

HANDTEKENING(E) SOOS BY BANK GEREGISTREER: ______________________ ______________________

**- - - - - OUER AFSKRIF - - - - -**

LAERSKOOL TYGERPOORT – DOELGERIG

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NO. 84 VAN 1996**
**REGULASIES VIR VRYSTELLING VAN**
**DIE BETALING VAN SKOOLGELD**

## VRAELYS (JA/NEE)*

(Merk die toepaslike blokkie met 'n **kruisie**)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | Het die hoof u ingelig oor die bedrag van die jaarlikse skoolgeld wat betaal moet word? | **JA** | **NEE** |
| **2.** | Het die hoof u ingelig dat u aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, tensy u heeltemal van die betaling van skoolgeld vrygestel word? | **JA** | **NEE** |
| **3.** | Het die hoof u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir vrystelling van die betaling van skoolgeld? | **JA** | **NEE** |
| **4.** | Het die hoof u in kennis gestel dat u kan versoek om bygestaan te word met so 'n aansoek? | **JA** | **NEE** |
| **5.** | Is u van plan om vir hierdie vrystelling aansoek te doen? | **JA** | **NEE** |
| **6.** | Ek verstaan dat om vir vrystelling oorweeg te word, ek die toepaslike aansoekvorm by die finansiële kantoor moet aanvra en dat hierdie vorm volledig ingevul en saam met die relevante dokumentasie ingedien moet word. | **JA** | **NEE** |

Mr. N.J. Coetzee
Naam van Skoolhoof

Handtekening van Hoof
Datum: 19 November 2025

Skoolstempel: GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT / LAERSKOOL TYGERPOORT / 2025-11-19 / Posbus 72353, Lynnwoodrif 0040

______________________
Naam van ouer

______________________
Handtekening van ouer
Datum:________________

______________________
Naam van oudste Leerder
Graad: ___ / ___

Familiekode: ________


**- - - - - SKOOL AFSKRIF - - - - -**

LAERSKOOL TYGERPOORT – DOELGERIG

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NO. 84 VAN 1996**
**REGULASIES VIR VRYSTELLING VAN**
**DIE BETALING VAN SKOOLGELD**

**VRAELYS (JA/NEE)***

(Merk die toepaslike blokkie met 'n **kruisie**)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | Het die hoof u ingelig oor die bedrag van die jaarlikse skoolgeld wat betaal moet word? | **JA** | **NEE** |
| **2.** | Het die hoof u ingelig dat u aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, tensy u heeltemal van die betaling van skoolgeld vrygestel word? | **JA** | **NEE** |
| **3.** | Het die hoof u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir vrystelling van die betaling van skoolgeld? | **JA** | **NEE** |
| **4.** | Het die hoof u in kennis gestel dat u kan versoek om bygestaan te word met so 'n aansoek? | **JA** | **NEE** |
| **5.** | Is u van plan om vir hierdie vrystelling aansoek te doen? | **JA** | **NEE** |
| **6.** | Ek verstaan dat om vir vrystelling oorweeg te word, ek die toepaslike aansoekvorm by die finansiële kantoor moet aanvra en dat hierdie vorm volledig ingevul en saam met die relevante dokumentasie ingedien moet word. | **JA** | **NEE** |

Mr. N.J. Coetzee
Naam van Skoolhoof

Handtekening van Hoof
Datum: 19 November 2025

Skoolstempel: GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT / LAERSKOOL TYGERPOORT / 2025-11-19 / Posbus 72353, Lynnwoodrif 0040

______________________
Naam van ouer

______________________
Handtekening van ouer
Datum:________________

______________________
Naam van oudste Leerder
Graad: ___ / ___

Familiekode: ________